# HOOFSTUK 1.

# ONDERWYSTOESTANDE IN SUID-AFRIKA AAN DIE EINDE VAN DIE 19de EN DIE BEGIN VAN DIE 20ste EEU.

## 1. Onderwys en die Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek en in die Kaapkolonie teen die einde van die neëntiende eeu.

### (a) Inleiding.

Om die C.N.O.- beweging op Steynsburg reg te verstaan, is dit noodsaaklik dat ons dit sal sien teen die agtergrond van onderwystoestande in die Zuid-Afrikaanche Republiek gedurende die laaste twee dekades van die 19de eeu. Dit is noodsaaklik omdat die C.N.O.- aksie in Kaapland na 1902 'n direkte uitvloeisel was van die onderwysbeleid wat na die eerste vryheidsoorlog in die Z.A.R. gevolg is. Christelik-Nasionale onderwys wat reeds in die Z.A.R. bestaan het, is toe ook in die Kaapkolonie op verskillende plekke toegepas.

### (b) Onderwys in die Z.A.R., 1882 tot 1899.[1)]

#### (i) Onderwys onder ds. S.J. du Toit:

Na die Eerste Vryheidsoorlog slaag die Transvaalse Driemanskap daarin om ds. S.J. du Toit van die Paarl, 'n voorvegter vir Christelik-Nasionale Onderwys, vanaf Maart 1882 as Superintendent van Opvoeding in Transvaal te kry. Voor sy aanstelling het die Transvaalse owerheid hom eers vergewis van ds. Du Toit se onderwysbeleid en dit ook aanvaar. Sy beleid was „dat die onderwys nie saak van die staat is nie, maar van die ouers en die kerk en dat die staat sy bemoeiinge moet beperk tot bydrae vir steun volgens die aantal leerlinge en die graad van onderwys en verder toesig moet hou dat die geld goed gebruik word, sover die vorming van burgers dit vereis, waarin die eis inbegryp is van suiwer Christelik-Nasionale Onderwys." 2)

/Ds. Du Toit....2

1) Vir hierdie inleidende studie maak ek vryelik gebruik van J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, pp. 48 - 69.

2) J.Chr. Coetzee, a.w., p. 48.

Ds. Du Toit gee dus aan die Z.A.R. 'n onderwysstelsel wat bepaal dat partikuliere inisiatief verantwoordelik is vir die oprigting van skole wat geen staatseiendom is nie en waarvan die onderwysers ook nie staatsamptenare is nie. In die Transvaalse Onderwyswet, No.1 van 1882, het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek baie duidelik uitgegaan van die standpunt dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hul kinders, en dat dit die taak van die staat is om die ouers deur geldelike bydrae in staat te stel om skole te stig en om dan deur toesig toe te sien dat die toekomstige burgers 'n Christelike opvoeding sal ontvang.

Wat godsdiensonderwys betref, het Du Toit uitgegaan van die veronderstelling dat dit by die kerk behoort en dat die regering net kan eis dat die onderwys in Christelike gees gegee sal word. Dit sou veronderstel die opening en sluiting van die skool met gebed, die behandeling van Bybelgeskiedenis, terwyl konfessionele onderwys aan die kerk oorgelaat moes word. Terwyl Kaapland in 'n benarde posisie, in die greep van 'n onnasionale onderwysstelsel was, het Du Toit reeds in die Z.A.R. 'n C.N.-onderwysstelsel „in die lewe geroep wat pas by die volksaard en -tradisies, naamlik 'n stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal, 'n stelsel wat die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking dadelik ontvang het, omdat dit rekening gehou het met hul gees en rigting en met hul behoeftes." 1)

Du Toit lê sy betrekking as Superintendent van Opvoeding in Jan. 1888 neer en word in waarnemende hoedanigheid opgevolg deur die sekretaris van onderwys, H. Stiemens. Op aandrang van President Kruger het Du Toit sy pligte weer hervat, dog hy het in Maart 1891 finaal terwille van godsdienstige arbeid uit die diens getree.

/(ii)Onderwys..3

---

1) J.Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, p. 51.

(ii) Onderwys onder dr. N. Mansvelt:

Mansvelt, wat in 1891 as Du Toit se opvolger benoem is, het hom met ywer aan sy taak gewy „en voortgebou op die algemene beginsels neergelê deur Du Toit." 1) Sy onderwyswet, gebaseer op en 'n verbetering van die van 1882, is deur die volksraad goedgekeur as Wet No. 8 van 1892. Onder sy algemene bepalings gaan ook hierdie wet uit van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding van die kinders. Die staat sou partikuliere inisiatief aanmoedig en ondersteun, sou „eis dat die opvoeding 'n Protestants-Christelike sal wees en dat bepaalde leerstellige onderwys aan die verskillende kerkbesture oorgelaat word." 2)

Mansvelt se dienstyd as Superintendent van Opvoeding was inderdaad 'n bloeityd op onderwysgebied in die Z.A.R. Sy administrasie het vlot gewerk en op alle terreine van die onderwys was daar vooruitgang en ontwikkeling.

(iii) Samevatting:

Die onderwysbeleid in die Z.A.R. soos geformuleer en toegepas deur Du Toit en Mansvelt kan as volg opgesom word: Die oprigting van skole moes oorgelaat word aan partikuliere inisiatief en dan word hiermee die wens uitgespreek dat die kerkbesture die leiding sou neem. Die instandhouding van skole sou die taak van die staat wees wat die ouers deur geldelike toelae in staat moes stel om skole op te rig en te onderhou. Wat die beheer van die skole betref, sou elke skool onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie wees, terwyl die Superintendent van Opvoeding verantwoordelik sou wees vir die algemene toesig oor en inspeksie van die skole. Die gees en rigting van die skool sou bepaal word deur wat binne die skool geleer word.

/Dit.....4

1) J.Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, p. 58.
2) Ibid, p. 59.

Dit behels in die eerste plek die Christelike aspek van die leerplan wat geëis het „die opening en sluiting van die skool met gebed, die lees van Gods Woord en die behandeling van die Bybelse Geskiedenis." 1) Die nasionale aspek sou gehandhaaf word deur die onderrig van die Nederlandse taal en die Geskiedenis, en deur die gebruik van Nederlands as voertaal.

(c) Die Gereformeerde Kerk in die Z.A.R. en die onderwys.

Die sinode van die Gereformeerde Kerk het in 1882 besluit dat kerkskole wel van staatsteun gebruik mag maak „behoudens onafhanklijke vryheid in het godsdienstig onderwijs." 2) Daar is daarna heelwat Gereformeerde kerkskole in die Z.A.R. opgerig, wat hullebeywer het om die goewernementsonderwys te verbeter, veral met die oog op die opleiding van onderwysers en die verkryging van Christelike leerboeke.3) Meer het die Gereformeerde Kerk in die Z.A.R. dit nie nodig geag om te doen nie. Die onderwysbeleid van Du Toit en Mansvelt het vir hulle genoeg gebied. Omdat Du Toit die Gereformeerde beginsels toegedaan was, het die Gereformeerdes in die Z.A.R. „gevoel dat die goewernementskool ook hulle skool was." 4)

(d) Onderwystoestande in Kaapland voor 1902.

(i) Inleiding:

Onderwystoestande in Kaapland voor die Engelse Oorlog was sodanig dat die Afrikaner oënskynlik vrugteloos gesoek het na 'n uitvlug. Die Kaapkolonie kom in 1806 finaal onder Britse beheer. Van toe af is daar deur die verskillende goewerneurs 'n stelselmatige en doelbewuste beleid gevolg om die Boerebevolking te verengels. Hierdie

/verengelsingsbeleid....5

---

1) J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, p.49.
2) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering van die Geref. Kerk in sitting te Pretoria 1882, art. 139.
3) P.W. Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika, 1859 - 1899, p. 136.
4) Ibid.

verengelsingsbeleid van die owerheid bereik dan ook in die Kaaplolonie sy hoogtepunt teen die einde van die 19de eeu.

Na 'n eeu van Britse oorheersing, waaraan die volk gewoon en verslaaf geraak het, het die Afrikaanssprekende deel van die bevolking nie eers besef wat met hulle aan die gang was nie. „So was ons volk op 'n draf om die Engelse taal en gewoontes aan te neem." 1) En deur die Afrikaner sy taal te ontneem, kon daar ook nie meer sprake wees van 'n nasionale gevoel nie. Ons volk is deur die imperialistiese regering op sleeptou geneem en van 'n eie nasieskap en van die ideaal van 'n eie volk was daar min sprake.

Die onderwystoestand in die Kaapkolonie voor 1902, word pragtig saamgevat deur P.J.G. de Vos: „Als er een ding is dat in staat zal zijn het Hollandsch geheel met der tijd uit de Kolonie te verdringen en het Engelsch de plaats er van te doen innemen, dan is het de school zooals die nu over algemeen in de Kolonie bestaat...... Onze scholen zijn over 't algemeen zoo door en door Engelsche scholen, alsof zij in Engeland voor Engelsche kinderen alleen opgericht zijn..... de moedertaal van mischien negen-tienden der kinderen wordt er dan maar op zekere uren in de week als een vreemd taal onderwezen...... Als een kind van Hollandsch-sprekende ouders er zijn nasionaliteits-gevoel en liefde voor zijn taal niet verloren heeft, dan is 't omdat het aan den invloed der school kan weerstand bieden." 2)

Die rigting van die onderwysbeleid in die Kaapprovinsie gedurende die 19de eeu word aangedui deur die skoolorder van De Mist wat in art.18 bepaal: „De openbaare Scholen strekken tot onderwijzing der jeugd,

/behooren...6

---

1) G.R. von Wiellígh, Eerste Skrywers, p. 7.
2) P.J.G. de Vos, Nationale Vraagstukken, soos aangehaal deur D.H. Cilliers in Geskiedenis van Christelik-Nasionale Onderwys in Kaapland tot 1900, p. 218.

behooren niet tot eenig bijzonder Kerk-genoodskap. Het zijn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelijk toezigt en bestuur van het Gouvernement." 1)

De Mist se skoolorder beoog dus 'n neutrale staatskool. Dit is 'n skool wat slegs „goede burgers voor den staat" sal kweek en waarin daar geen sprake is van 'n Christelike godsdienstige fundering in die onderwys nie. Laat ons dan vervolgens let op die verskillende aspekte van die onderwys in die Kaapse skole voor 1900.

(ii) <u>Die Moedertaal</u>:

Hollands is stelselmatig as vak sowel as voertaal uit die skole geweer. Dit is as so 'n doodgewone toestand van sake beskou, dat die owerheid daar geen geheim van gemaak het nie, maar dit eerder as 'n teken van vooruitgang op onderwysgebied beskou het. Die kinders moes gedurig hoor dat „wie Engels kon praat in tel was as vooruitstrewende mense, en die wat Engels onmagtig was, was backvelders." 2) Sulke uitlatings het kinders aangevuur om Engels te leer en het by hulle 'n minderwaardigheidsgevoel t.o.v. hul moedertaal en die gebruik daarvan ontwikkel.

Die werklike toedrag van sake word deur die Kaaplandse S.G.O., dr. Muir, met sprekende syfers gegee in sy rapport oor die jare 1899 en 1900. A.H. du P. van Wyk vat die inhoud van die verslag soos volg saam: „Hier en daar word daar wel melding gemaak van die vak(Hollands) maar van ware belangstelling en opbouende kritiek is daar geen sprake nie. So vind ons bv. dat inspekteur Pressly, wie se kring uit 185 skole bestaan, rapporteer dat Hollands as ekstra vak onderrig word in 42 skole, as deel van die klaswerk in 30 skole en as voertaal gebruik word in 3 skole. Dit beteken

/dat........7

1) A. Dreyer, Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, Deel 111, p. 12.
2) G.R. von Wielligh, Eerste Skrywers, p. 5.

dat daar in 59.5% van die skole in 'n landelike omgewing soos Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Herschel, Tarka en Wodehouse, geen onderrig in Hollands gegee is nie en dat die onderwys in Hollands stilswygend opsygeskuif is, as in aanmerking geneem word, dat dit in 22.7% van die skole in daardie kring gegee is as ekstra vak, in 16.2% as deel van die klaswerk en in 1.6% as medium gebruik is en dat die onderwys daarvan hoofsaaklik as vertaalwerk behandel is en die onderrig en die eksamens in sommige gevalle selfs deur medium van Engels plaasgevind het." 1)

(iii) Die Moedertaal as medium:

Nie alleen as erkende skoolvak nie, maar ook as medium van onderrig is die moedertaal skromelik verwaarloos. Die owerheid het die gebruik van Hollands as voertaal onmoontlik gemaak, want „die skole, wat ondersteuning van regeringsweë ontvang het, was gedwing om Engels as medium van onderwys te gebruik. As so 'n skool Hollands as voertaal sou toepas, dan is daardie geldelike steun dadelik teruggetrek of eenvoudig geweier." 2)

Alle vakke, Nederlands daarby ingesluit, is deur medium Engels onderrig. Ds. A. Moorrees skryf in „Ons Tydschrift," die mondstuk van die „Zuid-Afrikaansche Taalbond," as volg: „Geen enkel vak, dikwels niet eens de Hollandsche Grammatica, word door middel van 't Hollandsche onderwezen. Zelfs de geschiedenis van zijn eigen land word den jongen Afrikaner in een voor hem vreemde taal verhaald. In vele scholen wordt er aan de moedertaal van het kind niet meer tyd besteed dan aan 't Latyn." 3)

/Die......8

---

1) Uit die S.G.O.-rapport van Muir, 1899 - 1900, soos aangehaal deur A.H. du P. van Wyk in Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, p. 161.
2) G.R. von Wielligh, Eerste Skrywers, p. 6.
3) A. Moorrees, in „Ons Tydschrift" soos aangehaal deur A.H. du P. van Wyk in Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, p. 162.

Die nuwe leerplanne van 1895 kondig wel verbetering in hierdie verband aan toe die S.G.O. (Muir) kennis gee dat „pupils may take their standards either in English or in Dutch." 1) Prakties het van hierdie vryheid van keuse nie veel tereg gekom nie, want „Engels is uit gewoonte, onkunde, of noodgedwonge, gewoonlik maar verkies en Hollands was in die meeste gevalle aan die kortste ent tot nadeel van die Afrikaner." 2)

(iv) <u>Die onderwys van Geskiedenis</u>:

Ons moet verwag dat in hierdie skole, wat deur en deur Brits geöriënteer was en wat 'n politieke doel van verengelsing en denasionalisering moes dien, van die vaderlandse geskiedenis, wat naas die moedertaal die behoudende faktor van nasieskap is, min tereg gekom het. G.R. von Wielligh stel dit as volg as hy skryf oor die plek van Geskiedenis in die leerplan: „Daar het die leerlinge net Engelse geskiedenis en aardrykskunde geleer; onophoudelik word hulle vertel, dat die son nooit op Engelse gebied ondergaan nie, dat Engelse die sterkste nasie van die wêreld is, dat Engeland nooit anders as deur verraad 'n oorlog verloor het nie...." 3) Van hulle eie volk word aan die kinders vertel „dat die Afrikaner geen nasie is nie; hy is 'n baster uit Hollandse en Duitse werklui en soldate vermeng met Franse vlugtelinge. Dan hy het nie eers 'n koning nie en is nie in staat om homself te regeer nie; hy is onvertroubaar, lui en wil net in die huis sit en pyp rook en koffie drink." 4) Hoe kon verwag word dat kinders trots kon wees om aan so 'n volk te behoort?

Van ons eie Vaderlandse Geskiedenis het die

/kinders......9

---

1) S.G.O.-verslag van Muir soos aangehaal deur D.H. Cilliers in Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool, 1652 - 1939, p. 204.
2) Ibid.
3) G.R. von Wielligh, Eerste Skrywers, p. 8.
4) Ibid.

kinders bitter min gehoor, want die Kaapse S.G.O. getuig self in sy verslag van 1892 dat die leerplan bestaan het uit „lists of battles and Kings with dates of important events." 1) Dit is die belangrikste geskiedenis, volgens hom, wat aan die kind geleer moes word, en die politieke set wat daaragter geskuil het, kan maklik bespeur word uit die bekommernis wat hy onmiddellik daarna kwyt raak: „Hundreds of children have left our schools ignorant of the military and naval glories of Malborough, Wellington, Nelson. They have learnt nothing of the rise and growth of British colonies." 2) M.a.w. dit was volgens hom hoog tyd dat die skool gebruik sou word om by die Afrikaanse kind die nodige bewondering vir die Engelse helde en die Britse prestasies as wêreldmoondheid in te boesem en om hom sy rug te laat draai op sy eie volksverlede. Wat die geskiedenisonderwys betref was die fout nie net by die leerplan nie, dog eintlik by die onderwyser. Van hulle sê J.C. Coetzee dat „hulle nie alleen geen metode gehad het nie, maar hulle was in hart en niere anti-nasionaal. Vir hulle was daar niks moois in die geskiedenis van Suid-Afrika, ons vaderland nie." 3)

(v) Godsdiensonderwys: 4)

Na aanleiding van 'n deeglike ondersoek deur 'n onderwyskommissie onder voorsitterskap van regter E.B. Watermeyer, is hul bevindinge in 1863 voor die Kaapse parlement gelê en het die nuwe onderwyswet, No.13 van 1865 in werking getree. In hierdie onderwyswet is godsdiensonderwys wat tot dusver, hoewel in nie-dogmatiese vorm, tog nog in die skole geduld is, „nou formeel uit die gewone skoolure (van 4 uur) uitgesluit en kon godsdiensonderrig alleen

/ná.........10

1) J.Chr. Coetzee, Die Ontwikkeling van die Onderwys in die Geskiedenis aan die Kaap, in Die Unie van 1 Jan. 1920, soos aangehaal deur D.H. Cilliers in Die Geskiedenis van C.N.O. in Kaapland tot 1900, p. 231.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Vir hierdie paragraaf maak ek gebruik van D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, 1652 - 1939, pp. 105 - 199.

ná (of ook voor) skool en as iets aparts daarvan geskied behoudens die gewetensklosule." 1) Waar daar dus tot dusver nog altyd die opening vir Bybelonderrig in die skole gelaat is, is dit nou uit die dagprogram van die skool uitgesluit en kon elke skoolkomitee, as hy dit goeddink, dit vóór of ná die skoolure laat gee, met die volle vryheid om dit te laat geskied volgens die aard en leerstellinge deur hom bepaal.

Hiermee voltooi die Engelse owerheid in Kaapland, ook ten opsigte van godsdiensonderrig op skool, die beleid van De Mist soos neergelê in 1804. Dus, nie alleen wat die nasionale betref nie, maar ook t.o.v. die Christelike is die verband tussen die huis en die kerk aan die een kant en die skool aan die ander kant, verbreek. Die wet van 1882 het geen verbetering m.b.t die godsdiensonderrig in staatskole gebring nie. Dit het maar nog steeds bepaal dat ná die gewone skoolure op 'n vasgestelde tyd daarvoor voorsiening gemaak mag word, dog dat geen kind verplig sou wees om dit sonder verlof van sy/haar ouers by te woon nie. Eers deur die wet van 1886 is godsdiensonderwys, „as resultaat van volgehoue proteste en positiewe aandrang op herstel, aan die Afrikaner terug gegee," 2) deurdat dit toe weer binne skoolure gebring is. Dit was wel 'n verbetering, hoewel daar van dogmatiese godsdiensonderwys nog geen sprake was nie, 'n leemte waarmee die Boerebevolking van die Kaapkolonie onmoontlik genoeë kon neem.

(vi) Samevatting:

Engeland het die beleid van verengelsing deur middel van die onderwys, ook in ander dominiums gevolg.

/Van.....11

---

1) D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool, 1652 - 1939, p. 106.
2) Ibid, p. 193.

Van Ierland, om maar een voorbeeld te noem, word gesê: „On the educational system as a whole has been laid the blame for all that is lacking in Irish national life, a system that deliberately obliterated the native culture, music, and language of the people." 1) So was dit ook in ons land. 'n Eie Afrikaanse kultuur het vir die kind in die Kaapkolonie nie bestaan nie, terwyl 'n vreemde kultuur in 'n vreemde taal aan hom opgedring is.

En die Afrikaners wat uit hierdie skole gekom het, het dikwels die rug op hul eie volk gedraai namate hulle beïndruk is deur die vreemde taal en kultuur. Die redakteur van „Ons Tydschrift" bevestig hierdie betreurenswaardige toestand in sy uitgawe van September 1899: „Maar het is feit dat hoe meer een Afrikaander 'opgevoed' wordt, hoe meer hy sy liefde voor Land, en Taal, en Volk verliest, en dat zal altyd het geval zijn zoolang in de Kaapkolonie een onderwys systeem heerscht, dat er voornamelijk op uit is om voor alles onze kinderen te doen gevoelen dat zij onderdanen van Hare Britsche Majesteit zijn, en dat daarom Engeland hún land is, de Engelsche taal hún taal, en Engelsche manieren hunne manieren zijn." 2)

Die tragiese in hierdie omstandighede was dat die verengelsde Afrikaner en die Engelsman wat geen Hollands geken het nie, verryk was en die hoë poste beklee het, terwyl die Afrikaner in sy eie land die houthouer en waterputter was, omdat hy geen Engels geken het nie.3)

Teen die einde van die 19de eeu was die Brit, gesien die vordering wat met die verengelsing van die Afrikaner gemaak is, dan ook oortuig dat hy die stryd gewen

/het......12

---

1) A.J. Aucamp, Bilingual Education and Nationalism with special Reference to South Africa, p. 42.
2) Aangehaal uit „Ons Tydschrift" September 1899 deur D.H. Cilliers in Die Geskiedenis van C.N.O. in Kaapland tot 1900, p. 230.
3) D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool, 1652 - 1939, p. 214.

het en dat daar vir die Afrikaner as nasie met 'n eie taal geen hoop op 'n toekoms meer bestaan nie. Geen wonder dat Olive Schreiner in 1895 gemeen het dat sy op goeie grond as volg kon profeteer: „In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa speaking the Taal, save as a curiosity, only the great English-speaking South African people. The movement cannot be hindered, it cannot be stayed, it is inevitable." 1)

(e) Die Gereformeerde Kerk in Kaapland en die onderwys.

In Kaapland was die toestande op onderwysgebied heeltemal verskillend van die in die Z.A.R. Ons volk, en veral die Gereformeerdes, was nie onbewus van die toestand van sake nie en vir hierdie studie is die rol wat die Gereformeerdes gespeel het van die grootste belang.

Die ontwaking en belangstelling in die onderwys wat in die geledere van die Gereformeerde Kerk te bespeur was gedurende die laaste kwart van die 19de eeu, moet toegeskryf word aan die belangstelling en ywer van die stigter van díe kerk, ds. D. Postma. Met sy intreerede as predikant van Burgersdorp, op 5 Aug. 1866, wil hy dit reeds by sy gehoor inskerp: „Laat ons niets te lief hebben voor goede scholen." Daarna was dit hy wat leiding gegee het i.v.m. onderwyssake op meerdere vergaderinge.2)

Die sinode van 1873 het 'n plan, beraam deur die twee dosente van die Teologiese Skool, D. Postma en J.L. Cachet, en ds. P.J.J. Viljoen goedgekeur, wat vir die gemeentes as leidraad moes dien t.o.v. die oprigting van skole.3) Die kommissie het aanbeveel dat buurtskole in die buitedistrikte of wyke opgerig word en kerkskole in die dorpe.4) Uit die 8 artikels wat „die plan" van die

/buurtskole...13

1) Olive Schreiner, Thoughts on South Africa, p. 323.
2) G.C.P. v.d. Vyver, Professor Dirk Postma, 1818 - 1890, p. 561.
3) P.W. Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika, 1859 - 1899, p. 36.
4) Ibid, p. 37.

buurtskole neergelê het, blyk dit baie duidelik dat die Gereformeerde ouers 'n eie skool wou hê waarin hul kinders Gereformeerde onderwys kon ontvang, 'n skool onder toesig van die kerk, maar wat tog duidelik laat blyk dat die ouers verantwoordelik is vir die onderwys van hul kinders.[1)]

Hoewel gebrek aan geskikte onderwysers die stigting van hierdie skole bemoeilik het, is daar oral in die gemeentes buurtskole gestig. In die distrik van Steynsburg is geen buurtskole opgerig nie, maar daar is wel op die dorp, met meester J.C. van Rooy as onderwyser, op 1 Februarie 1875 'n kerkskool met 30 leerlinge geopen.[2)]

Ongelukkig is die instandhouding en ontwikkeling van die buurt- en kerkskole deur verskillende invloede soos finansiële moeilikhede en gebrek aan geskikte onderwysers bemoeilik en was veral die buurtskole nie van blywende aard nie.[3)] Ten spyte van ontmoedigende resultate het die Gereformeerde Kerk die saak nie gewonne gegee nie. Na aanleiding van 'n besluit van die Algemene Sinodale Kerkvergadering gehou in 1897, het die Algemene Vergadering van Kaapland, wat die volgende jaar gehou is, sterk begin dink aan die oprigting van kerkskole.[4)] Voordat aan hierdie besluit uitvoering gegee kon word, het die Driejarige Oorlog uitgebreek wat alle onderwyspogings tot stilstand gebring het.

Dit is dan die toestand op onderwysgebied aan die einde van die 19de eeu. In die Z.A.R. is die onderwysstelsel van so 'n aard dat die Gereformeerdes met veiligheid daarvan gebruik kan maak en dit nie nodig ag om aparte skole op te rig nie. Kaapland het gebuk gegaan onder 'n vreemde veroweraar „wat die sienswyse van die Afrikaner nie goedgesind was nie" en waar Gereformeerde onderwys terwille van staatsteun prysgegee moes word.[5)]

/2. Die.....14

1) P.W. Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika, 1859 - 1899, p. 38.
2) Ibid, p. 51.
3) Ibid, p. 43.
4) Ibid, p. 106.
5) Ibid, p. 137.

2. Die brug waaroor die Engelse beleid na die eertydse republieke beweeg het en omstandighede wat bevorderlik was vir die toepassing daarvan.

(a) Die oorlog.

Vanaf 1899 tot 1902 woed die Engelse Oorlog in ons land waarvan die verloop en beëindiging vir ons volk in baie opsigte noodlottig was. Die afbrand van sowat 30,000 boerewonings, die dood van ongeveer 27,000 vrouens en kinders in die konsentrasiekampe en die ongeveer 7,000 burgers wat op die slagveld gesneuwel het, was 'n ramp vir die jong volk. 1) Al wat oorgebly het, was 'n vernederde volk, van alle selfvertroue beroof en met min hoop vir die toekoms.

Die depressie wat na die oorlog gevolg het, het die Afrikanervolk se neerslagtigheid en moedeloosheid vererger en dit het gelyk of die einde van die bestaan van ons volk aangebreek het. Die finansiële toestand wat na 1902 onder die boerebevolking geheers het, was van so 'n aard dat dit juis aan die veroweraar gunstige omstandighede gebied het om sy vernietigingsbeleid verder uit te voer. Skerp was ook die kontras tussen die twee volksgroepe, nl. „die verarmde, gebroke Afrikaanse landelinge en die welvarende, seëvierende Engelse stedelinge, en dan nog die bitterste vyandskap tussen hulle." 2)

Die Afrikaner het in die eerste plek nie alleen geestelik gekrenk uit die driejarige stryd gekom nie, dog finansiële verliese wat die land gely het, kon haas nie bereken word nie. Die volk was verarm en in die meeste gevalle moes 'n nuwe begin gemaak word. Hierdie oorlog het nie alleen as gevolg gehad dat die verengelsingsbeleid van die Kaapse onderwysstelsel verskerp is nie, dog dit het ook

/gedien......15

---

1) Genl. Botha se beraming volgens H. Spencer in sy Generaal Botha soos aangehaal deur D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool, 1652 - 1939, p. 215.

2) J.R. Albertyn, Kerk en Stad, p. 14.

gedien as brug waarlangs hierdie beleid oorgeplaas is na die eertydse republieke.

(b) Droogte.

Om die ellende te verhoog, is die oorlog gevolg deur 'n ontsettende droogte. Die Kaapse S.G.O. maak in sy rapport oor die jaar 1905 daarvan melding: „War was followed by a long drought of unusual severity." 1) Ook Eric Walker maak, as hy die faktore wat die ellende na die oorlog verskerp het noem, melding van die droogte: „Throughout South Africa, during the later part of 1903, the boom in mining shares and real estate died away. The troops and the camp-followers, the eagles and the vultures together, poured out of the country; drought and disease smote the crops and the cattle. South Africa showed signs of economic prostration." 2) Ds. M. Postma maak ook melding van hierdie toestand: „Het is waar, het grootste gedeelte van ons Afrikaanse Volk is tans arm en heeft broodsgebrek en wij gevoelen bitter, bitter medelyden met dezulken en willen alles doen om dezulken te helpen." 3)

Wat 'n gulde geleentheid, sou ons sê, om 'n verwonde, moeg gestry en verarmde volk „onder te ploeg." Die oorwinnaar het die eerste deel van sy doel, nl. politieke oorheersing, bereik, maar daarby kon dit nie gelaat word nie, want blote politieke oorheersing, so het die geskiedenis al dikwels bewys, maak nie 'n einde aan 'n nasie nie. Die Afrikanervolk, eenmaal plat onder die voet van 'n wêreldryk, moes vir altyd onder geploeg word. As jong nasie moes hy verdwyn, hoe onedel en skaamteloos die middele daartoe aangewend ook mag wees.

/(c) Milner.....16

1) Educational Report of the S.G.E., 1905, p. 4.
2) Eric. A. Walker, Lord de Villiers and his Times (South Africa 1842 - 1914), p. 412.
3) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwijs, in die Kerkalmanak van die Gereformeerde Kerk, 1905, p.35.

(c) Milner:

Na die oorlog volg die berugte Milner-oorheersing. Sy aanstelling as Hoë Kommissaris in Suid-Afrika was seker nie 'n gelukkige keuse onder die besondere omstandighede nie. „Maar ook in zijn geval," skryf J.H. Hofmeyr, „was Groot Brittanje niet gelukkig hem als verteenwoordiger te hebben, want, ofschoon zijn vroegere loopbaan hem deed uitblinken als een van de bekwaamste mannen van zijn tyd, was zijn benoeming tot Hoge Kommissaris nog een verder voorbeeld van een kat in een vreemd pakhuis te plaatsen." 1) Hy het geen poging aangewend om die vertroue van die volk wat hy moes regeer, te wen nie, „en door zijn volgelingen werd kort na zijn aankomst herhaaldelik verklaard, dat hy de leider van de Britten in Zuid-Afrika geworden was." 2)

Dis te begryp dat hy dan ook nie 'n algemeen beminde staatsman in Suid-Afrika was nie. Van hom sê Pells: „For several decades after his departure in 1905, the average Transvaaler and Free Stater cherished kindlier thoughts towards the devil than towards Lord Milner." 3) Hy was vir die Boere die verpersoonliking van Britse imperialisme, die man wie se doel dit was om die Afrikanerdom te vernietig.

Die Britse beleid in Suid-Afrika na 1900 is dus dieselfde as die in Kaapland gevolg voor die oorlog, miskien net venyniger, intensiewer en met meer hoop op sukses. Die oorwinnaar van na 1902 was 'n verbitterde owerheid, omdat hy ook swaar gewond uit die ongelyke stryd gekom het.

3. Onderwystoestande in Kaapland na 1902.

Dis in die lig van die voorafgaande dat ons die onderwystoestande van onmiddellik na die oorlog moet sien;

/'n ...... 17

1) J.H. Hofmeyr, Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan), p. 581.
2) Ibid.
3) E.G. Pells, The Story of Education in South Africa (1652 - 1938), p. 86.

'n onderwysbeleid met geen ander doel as om die Afrikaner die finale hou toe te dien nie.

(a) Skole en getal leerlinge.

Gedurende die oorlogsjare is baie skole gesluit en het die getal leerlinge in Kaapland geweldig afgeneem. Veral op die platteland was die getal skole wat gedurende die oorlog gesluit is baie meer as die wat geopen is. [1] Na die oorlog het die kinders terug gekom na die skole, meer skole is gestig en dit het 'n groot tekort aan veral mansleerkragte laat ontstaan. [2] Op 30 September 1903 was daar bv. 5833 meer leerlinge in Kaapland op skool as die vorige jaar. [3] In 1904 rapporteer die S.G.O. dat die getal skole die afgelope jaar met 165 vermeerder het en die getal leerlinge met 8,418. [4] Hierdie byna onnatuurlike aanwas van skole en leerlinge binne 'n paar jaar het, soos ons later sal aantoon, sy nadelige uitwerking op die onderwys gehad.

(b) Onderwysers.

Na die oorlog tref ons die ongelukkige toestand aan dat daar 'n geweldige gebrek aan onderwysers is in verhouding met die toename van die getal leerlinge. Die Kaapse S.G.O. bevestig hierdie probleem in sy rapport van 1902 waar hy verklaar: „Notwithstanding the decrease in the number of schools which the war brought about, the supply of teachers has not been at all equal to the demand." [5] Hierdie noodtoestand word deur die owerheid misbruik om sy beleid van verengelsing uit te voer.

Die geheim wat agter die invoering van Engelse leerkragte gesit het, word heel duidelik verklap deur Sargent, destydse Direkteur van Onderwys in Transvaal, in 'n brief aan

/Milner......18

1) Educational Report of the S.G.E. for the year ending 30th September, 1902.
2) Ibid, for year ending 30th September, 1903.
3) Ibid.
4) Ibid, for year ending 30th September, 1904.
5) Ibid, for year ending 30th September, 1902.

Milner waarin hy o.a. skryf: „Ons moet 'n beroep doen op Engeland en die broers en susters van die manne wat vir die ryk geveg het, hulle vra om oor te kom om die deel van die werk te doen wat hulle manlike familielede nie in staat was om te voltooi nie." 1) Hy erken dus dat die militêre magte van Engeland nie in staat was om die Afrikaner te vernietig nie en nou wil hy dit deur middel van die onderwys doen.

En die „broers en susters (veral susters) van die manne wat vir die ryk geveg het," is dan ook in groot getalle ingevoer om vir die kinders van die vernederde Boere onderwys te gee. Verder word die doel van hul koms verraai in reedsgenoemde skrywe waar Sargent hul bevoegdhede as volg omskryf: „Wat ons hier nou nodig het, is vroue, hoogs bekwame onderwyseresse, met 'n sterk vaderlandsliefde, wat bereid sal wees om hierheen te kom en die ontberinge van die kamplewe te deurstaan om die kinders van die burgers ons taal en ons ideale te onderwys. Leer die kinders langsamerhand ook ons groot imperiale ideale." 2) „Ons taal en ideale" waarvan Sargent hier praat, is natuurlik nie Nederlands en die van Suid-Afrika nie, maar Engels en die van die Britse Ryk.

Ook Eric Walker bevestig hierdie wanpraktyk wat gevolg is: „The schools were staffed by teachers from all parts of the Empire; a step which was almost unavoidable if the work was to be done at all, but which had the effect of directing the educational development far too much along exclusively English lines and thus of calling forth a passionate Afrikander movement in defence of the house language of the bulk of the people." 3) So erg was die toestand „that there was a risk that the anglization of the schools might find its counterpart in the law courts." 4)

/Die.......19

1) Uit 'n brief van Sargent, Direkteur van Onderwys in Transvaal aan Lord Milner in 1903, soos aangehaal deur G. Dekker in Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, p. 37.
2) Ibid.
3) Eric A. Walker, Lord de Villiers and His Times (South Africa 1842 - 1914), p. 406.
4) Ibid.

Die Kaapse Onderwysdepartement het dan ook 'n ooreenkoms aangegaan met die „Educational Sub-Committee of the British Women's Emmigration Association" 1) om skoolowerhede te help om vakatures te vul deurdat die name van onderwyseresse op die register van die „Association" van tyd tot tyd in die Onderwysgaset gepubliseer is. In 1902 kon die S.G.O. (Muir) nog nie sê of hierdie plan enige vrugte afgewerp het nie, dog in sy verslag van die volgende jaar (1903) kon hy rapporteer dat bogenoemde organisasie baie gedoen het om bestuurders van skole te help om vakatures gevul te kry: „A good number of posts have been filled through the instrumentality of the committee, and it is beleived that there is much room for development in this manner without in the least adversely affecting local interests." 2)

Boerekinders moes onderwys ontvang van onderwysers wat geen voeling met hul volksverband, -verlede en -tradisies gehad het nie. Die vreemde onderwyser was vir die Afrikaner geen plaasvervangende ouer nie, dog slegs 'n werktuig in die hand van die owerheid om van die vernederde Boer se kind 'n „Loyal Brittish Subject" te maak.

(c) Die Inspektoraat.

Ewe eensydig was die toestand in verband met die inspekteurs van skole. Die S.G.O.-verslae van 1902 en 1903 bevat die name van die inspekteurs met die verslae oor hul onderskeie omgange. 3) Van die twintig gewone inspekteurs het slegs 'n paar Afrikaanse vanne gehad en dis twyfelagtig of hulle veel meer as dit gemeen met hulle Afrikaanse volksgenote gehad het. Die toenmalige inspekteur vir die oorwegend Afrikaans-landelike omgang waaronder Steynsburg geressorteer het, was ene mnr. Pressley.

/Daar......20

---

1) Educational Report of the S.E.G. (Muir) for the year ending 30th September, 1902.
2) Ibid, for the year ending 30th September, 1903.
3) Ibid, for the years ending 30th September, 1902 and 1903.

Daar was ses inspekteurs(trises) vir spesiale vakke, twee vir elk van Musiek, Naaldwerk en Houtwerk en hulle was sonder uitsondering Engelssprekend.[1] Die inspekteurs was nie net Engelssprekend nie, dog baie van hulle was Engelssprekend eentalig. Dit word gestaaf met die feit dat daar gedurende die tydperk 1 Jan. 1900 tot 1905 sewentien nuwe inspekteurs aangestel is van wie agt geen kennis van Hollands gehad het nie.[2]

Die inspekteurs was self so onkundig wat die alternatiewe landstaal betref dat hulle onkunde die ewe onkundige onderwysers aangemoedig het om nie veel aan die kinders se moedertaal te doen nie, want die inspekteur sou met inspeksie tog nie veel aandag daaraan gee nie. Dis dan ook opvallend dat geen inspekteur, in hul verslae van 1902 en 1903, enige melding maak van die gehalte van die werk wat in Hollands in hulle skole gedoen is nie.[3] Blykbaar het die onderrig van die Afrikaanse kind se moedertaal die inspekteur heeltemal koud gelaat, enersyds omdat hy dit self nie geken het nie en andersyds omdat hy kragtens politieke oorweginge net belang gestel het in die vordering wat die kinders in Engels gemaak het.

Wat kon die ouers verwag van 'n skool waarin die reeds onsimpatieke onderwyser leiding ontvang het van 'n volksvreemde, anti-nasionale inspekteur ? As daar nie manne was wat in die bres getree het nie, moes dit noodwendig lei tot die finale ondergang van ons volk.

(d) Die Moedertaal.

Gedurende die oorlog is die verwantskap tussen taal en nasionaliteit baie sterk aangevoel. Die Britse bewinhebber het besef dat, solank die taal bestaan, die nasie ook lewe, daarom is doelbewuste pogings aangewend om

/Hollands...21

1) Educational Report of the S.G.E. for the year ending 30th September, 1903.
2) A.H. du P. van Wyk, Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806 - 1915, p. 163.
3) Educational Reports of the S.G.E. for the years ending 30th September, 1902 and 1903.

Hollands sover as moontlik uit te skakel „om een zuiver Brits Zuid-Afrika te stichten." 1)

Aan die spits van hierdie veldtog teen die taal van die Afrikaner moet ons maar weer vir Milner soek. Pells bevestig dit dan ook as hy erken „that the system for which they held him (Milner) responsible, was definitely designed to denationalise and anglicise the boers. English was the sole medium of instruction." 2) En as hy nog 'n paar onregverdige praktyke in die skole, wat teen die Afrikaner gemik was, noem, erken hy dat „all this engendered a bitterness which remained an evil heritage for many years." 3)

In die skole is die moedertaal skromelik verwaarloos. Omdat die inspekteurs geen aandag aan Hollands gegee het nie, het die onderwysers, wat ook daarmee gesukkel het, dit verwaarloos, sodat die tyd wat aan Hollands gestee is „feitlik dwarsdeur die kolonie gedaal het tot een uur per week." 4) Uit hierdie tydperk dateer ook die berugte metodes wat aangewend is om Afrikaanse kinders te verbied om in en om die skool 'n ander taal as Engels te praat. Dis hierdie metodes wat by ons kinders 'n minderwaardigheidsgevoel t.o.v. hul eie taal laat ontwikkel het, maar terselfdertyd ook 'n antipatie teenoor die taal van die veroweraar.

J.H. Hofmeyr (Onse Jan) spreek op 25 Februarie 1904 by die jaarlikse prysuitdeling i.v.m. die Taalbondeksamen sy verbasing uit daaroor dat, hoewel hier in ons land sprake is van „equal rights for both languages," 'n kandidaat tog enige publieke eksamen in die land (Universiteit, Onderwysdepartement, kommissarisse vir die staatsdiens, spoorweg- en telegraafdepartement) kan slaag „zonder een woord Hollands te kennen." 5) As dit die geval was met eksamens

/buite.....22

1) J.H. Hofmeyr, Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, p. 649.
2) E.G. Pells, The Story of Education in South Africa, 1652 - 1938, p. 86.
3) Ibid.
4) A.H.du P. van Wyk, Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806 - 1915, p. 163.
5) Ibid.

buite die skool, besef ons waar die gees van verwaarlosing van die moedertaal in die skole vandaan gekom het. Dit was eenvoudig net nie nodig om Hollands te onderwys nie, omdat die staatsdiens dit nie geëis het nie. Daarom was Hollands in die meeste hoër skole 'n keusevak, m.a.w. dit was wel moontlik dat 'n leerling die matrikulasieeksamen kon aflê sonder om Hollands as vak te neem.

'n Gekose komitee wat in 1906 benoem is op aandrang van die „Afrikaanse Christelijke Vrouwen Vereniging, die Afrikanerbond en die Suid-Afrikaanse Taalbond," om ondersoek in te stel na die posisie van Hollands in die skole, die openbare eksamens en die staatsdiens, werp interessante lig op die stelselmatige verwaarlosing van Hollands. Die minderheidsverslag wat deur hierdie kommissie ingedien is wys daarop dat Hollands geweldig afgeskeep is, „for though Dutch is tolerated and allowed for convenience sake, it is not put on the same basis as English, nor is it treated as an official language to anything like the same extend as English." 1) Hierdie opsetlike verwaarlosing van die moedertaal op skool en amptelik, moes noodwendig lei tot die ondergang van die Afrikanerdom. Dit is wat die C.N.O.-manne, ook op Steynsburg, besef en gesien het.

En hoe noodlottig was hierdie Engelsmedium-onderwys nie vir ons Afrikaanse kinders nie! Dit was die oorsaak dat groot getalle van hulle 'n mislukking van hul skoolloopbane gemaak het en onvoorbereid die lewe moes ingaan. 'n Engelse opvoedkundige kom self tot hierdie gevolgtrekking as hy skryf oor die onderwys in Suid-Afrika na 1902: „Bright pupils felt the evil effects, the less bright suffered severely. A generation of children was pitchforked into the world, whose school years had been spent vainly attempting to acquire, through the medium of a foreign language, that vast body of knowledge so necessary for their

/equipment...23

1) A.H. du P. van Wyk, Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806 - 1915, p. 165.

equipment for the newly modernised world which had so suddenly become their environment. No wonder some of them went to swell the ranks of the poor whites !" 1)

(e) <u>Geskiedenisonderwys</u>.

Die geskiedenisonderwys in die na-oorlogse skole was ook daarop gemik om die kind van sy volk te vervreem. Die onderwys was anti-nasionaal in die opsig dat dit die Suid-Afrikaanse geskiedenis uit die skole gehou het, terwyl daar deur middel van die Engelse geskiedenis gepoog is om by die Afrikaanse kind bewondering vir die groot dade van Britse helde in te boesem.

Ds. M. Postma vestig die aandag op wat hy noem „een groot gevaar in de tegenwoordige Gouvernementscholen," nl. dat in die skole „worden onze kinderen beroofd van hunne Afrikaansche nationaliteit." In plaas van 'n eg Afrikaanse nasionaliteit te bevorder, word „Engelsche en vreemde nationaliteit en zeden ingevoerd." 2) Postma sien die gevaar dat, as die kinders in die goewermentskole groot word, „dan moeten zij naderhand tegen ons als ouders opstaan." En dan noem hy pertinent die beswaar teen geskiedenisonderwys op skool, nl. dat „in de scholen worden zij geleerd uit de vreemde boeken dat de godsdienst en de <u>geschiedenis</u> die voor ons dierbaar zijn, onwaarheid zijn." Die eie geskiedenis is nie net in die skole verswyg nie, maar dis doelbewus verdraai, want kinders word wys gemaak „dat de beginselen, waarvoor onze vaderen hun bloed gegeven hebben, van geene beteekenis en zelfs zondig waren." 3)

Iemand wat self in so 'n na-oorlogse staatskool was, wyle prof. J.C. van Rooy, spreek van die vreemde leerstof wat in hierdie skole opgedis is en daarvan het „English

/History.....24

1) E.G. Pells, The Story of Education in South Africa (1652 - 1938), p. 88.
2) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, 'n artikel in die Almanak voor De Geref. Kerk in Z.A. 1905, p. 32.
3) Ibid.

History" en die „Geography of the British Islands" die hoofskottel gevorm. „S.A. Geskiedenis en Aardrykskunde het op die hele leerplan van die Goewermentskool glad nie voorgekom nie." 1)

Ook prof. Postma wys op die skreiende onkunde wat by die jong kinders ten opsigte van die eie geskiedenis bestaan het. Hy verwys na 'n rapport wat in 1905 uitgebring is deur die „examinatoren der Kaapsche Universiteit" oor Vaderlandse Geskiedenis. Die rapport werp 'n blaam op die geskiedenisonderwys op die skole en sê o.a. „Tweederden bijvoorbeeld der candidaten konden niet opgeven de Presidenten der O.V.S., terwyl de Koningen van Engeland hun goed bekend waren." 2)

Liefde word gebore uit kennis, en liefde vir land en volk spruit uit die kennis van die eie volksverlede. Hoe kon hierdie onnasionale skole en onderwysers wat die wording en verlede van sy volk vir die Afrikaanse kind verberg het, sy nasionaliteitsgevoel in die regte rigting laat ontwikkel? Dis hierteen dat ons ouers, ook op Steynsburg, in opstand gekom het en met groot opoffering vir hul kinders 'n eie skool opgerig het.

(f) <u>Godsdiensonderwys</u>.

Ons kan nie verwag dat godsdiensonderwys in die staatskole tot sy reg sou kom nie. Ten opsigte van godsdiensonderwys het die skole 'n neutrale standpunt ingeneem en „die godsdiensneutraliteit van die Kaapse skole was die lewensbeskouing van die nasate van Geus en Hugenoot heeltemal vreemd." 3) In die neutrale skool is die Bybel wel gelees en daar is 'n gebed gedoen, maar verder as dit het dit ook nie gekom nie. Die skooldeur was nie vir die kerk oop om

/die......25

1) J.C. van Rooy, Die Gereformeerde Kerk van Steynsburg en C.N.O., opgeneem in die Gedenkboek van die Gereformeerde Gemeente, Steynsburg, K.P., p. 130.
2) F. Postma, Vaderlandsche Geschiedenis, 'n artikel in die Kerkalmanak van 1906, p. 38.
3) A.H. du P. van Wyk, Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806 - 1915, p. 200.

die Woord van God „in te dra" nie, en die neutrale onderwyser het van dogmatiese godsdiensonderwys min begryp.

Ds. P.C. Snyman wys daarop dat die staatskool op godsdienstige gebied 'n neutrale houding moes handhaaf, dog, aangesien 'n neutrale houding t.o.v. die godsdiens nie moontlik is nie, „daarom verdwynt als van zelf de godsdienst telkens weer van de staatskool, en maakt hy plaats voor een louter burgerlijke deugdenleer." 1) Die predikant ontvang wel van die staat „toegangs-recht," maar „dit toegangs-recht plaatst evenwel den godsdienst buiten den eigenlijke school." 2) Dit kom daarop neer dat die predikant wel die reg het om die godsdiens in die skool in te dra, wat beteken het dat die godsdiens net in die skool was solank die predikant daar was. Dit gaan ook saam met hom weer daar uit.

Vir die Afrikaner, wie se godsdiens vir hom alles was en wat nog streng vasgehou het aan die leer van die Skrif, was dit 'n onhoudbare toestand. Dat sy kind, sonder die vrese van die Here en die beginsels van die Woord van God sy onderrig moes ontvang, was vir hom 'n skokkende gedagte. Op so 'n skool kon die seën van die Allerhoogste nie rus nie. Al sou alles, aardse goed en moedertaal, hulle ontneem word, dit, hul godsdiens, sou hulle nie ook prysgee nie. In hierdie lig kan ons enigsins 'n verklaring vind vir die bomenslike opofferings wat terwille van 'n eie skool, ook op Steynsburg, gemaak is.

(g) Slotopmerkings.

Voor die Engelse oorlog was die Afrikaners in Kaapland tot 'n mate tevrede met die toestand van verengelsing, en behalwe vir geïsoleerde gevalle, kon die groot Afrikaanse element nie tot aksie geïnspireer word nie. 'n Groot skok was nodig om die volk uit sy slaap wakker te maak, en dit het gekom in die Anglo-Boereoorlog.

/J.H. Hofmeyr..26

---

1) P.C. Snyman, De Vrye School, 'n artikel in Het Kerkblad van 1 April 1906.
2) Ibid.

J.H. Hofmeyr vat dit pragtig saam in sy lewensbeskrywing van „Onze Jan": „Die drie jaren van stryd hadden gediend om al de hartstochten, die door de grieven en worstelingen van een gehele eeuw ontstaan waren, in te proppen en die honderdmaal te vermenigvuldigen." 1)

Die oorlog kon die volk nie vernietig nie. Olive Schreiner en haar geesverwante het hulle misgis toe hulle die ondergang van die Afrikanerdom voorspel het, en Milner was 'n kortsigtige staatsman toe hy van mening was dat die saadkorrel sterf as dit onder geploeg word. Die Afrikaner van na die oorlog was nie onbewus van die Britse oogmerke met betrekking tot die onderwys in die Kaapkolonie nie. Die volk, en veral die Gereformeerdes, was bereid om tot aksie oor te gaan, as daar maar net iemand op die toneel kon verskyn om positiewe leiding te gee.

Dit is die agtergrond waarteen die C.N.O.-aksie op Steynsburg na 1902 gesien moet word. Ons vind daar 'n gemeenskap, wakker geskok deur die smarte van die oorlog, bewus van wat die Britse owerheid met sy onderwysbeleid be-oog het, en bereid om te offer vir 'n ideaal. En die man, om die gemeente te lei, te inspireer en tot daadwerklike optrede aan te spoor, was die jong ds. P.C. Snyman. Daarom bly dit op Steynsburg ook nie net by mooi woorde nie, dog hulle stig 'n skool : „In hierdie skool kom 'n Hollandse onderwyser, wat aan godsdiensonderwys, kerkgeskiedenis, onderrig volgens Calvinisties-Christelike wêreld- en lewensbeskouing, die eerste plek in die skool inruim; wat naas hierdie vakke in die eerste instansie plek maak vir Vaderlandse Geskiedenis en Aardrykskunde; wat alle vakke doseer deur medium van Hollands..."2) Hierdie skool was die verwesenliking van 'n ideaal wat vir die nageslagte wat sou volg, onskatbare waarde gehad het.

/4. C.N.O....27

1) J.H. Hofmeyr, Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, p. 629.
2) D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool, 1652 - 1939, p. 240.

4. Christelik-Nasionale Onderwys soos dit teen 1902 in Suid-Afrika gegeld het.

(a) Inleiding.

Tot sover het ons probeer aantoon wat die Afrikaner met betrekking tot die onderwys nie wou hê nie. Dit is dus nodig dat ons vervolgens sal vasstel wat hy wel van die skool verwag het. Daar bestaan voldoende getuienis om te glo dat die kampvegters vir C.N.O. aan die begin van die twintigste eeu deeglik bewus was van die grondbeginsels van hierdie onderwysstelsel. Ons wil C.N.O., soos dit toe gegeld het, en waarvoor die Vrye Skool o.a. ook op Steynsburg gestig is, behandel met betrekking tot die taak van die ouer, die kerk en die staat t.o.v. die onderwys van die kinders. Die algemene opvatting was dat nie een van hierdie drie in die opvoeding van die kinders uitgeskakel kan word nie. Prof. Kamp verklaar in 1905: „Met een weinig kalm nadenken en redeneeren, komt men gemakkelijk genoeg tot een logische en practische verdeeling der taak tussen de drie partyen: Ouders, Kerk en Staat, die alle drie hun eigen belang by de zaak hebben." 1) Soos aangetoon sal word, is hierdie beginsel ook deur ander Gereformeerde segsmanne van die tyd onderskryf, o.a. ook deur ds. P.C. Snyman.

(b) Die taak van die ouer.

Woordvoerders het sonder uitsondering uitgegaan van die grondgedagte dat die kind in die eerste plek aan die ouer behoort en dat die ouer alle verantwoordelikheid vir sy liggaamlike, opvoedkundige en godsdienstige welsyn moet dra. Vir die Gereformeerde berus hierdie beginsel in die eerste plek op die verpligting wat kragtens die doopbelofte op die ouers rus. Ds. M. Postma stel dit duidelik: „De ouders, en niet de Staat, hebben de belofte by den doop afgelegd om

/hunne......28

1) J. Kamp, De Stand van de Schoolkwestie. Dis 'n artikel in die Kerkalmanak van 1906, p. 27.

hunne kinderen in de vreeze des Heeren op te voeden en getrouw aan de beginselen en de geschiedenis van het volk waaruit wij geboren zijn." 1) Ook Kamp beskou die ouer as die eerste verantwoordelike vir die opvoeding van die kind, 'n verantwoordelikheid wat hy nie maar op die skouers van die kerk of die staat mag afskuif nie. Hy vat dit soos volg saam: „Zoowel als een ouder verplicht is zijn kind van alle lichamelijke nooddruft, als van voedsel en deksel te voorsien, evenzeer - ja meer nog - is hy geroepen en gehouden, om zorg te dragen voor zijn geestelijk welzijn, voor de vorming van zijn kind tot een waardig lid der kerk en een bruikbaar mensch voor de maatschappy." 2) Hy wys vervolgens op die groot verantwoordelikheid van ouerskap t.o.v. die voorbereiding van die kind vir die lewe en die bittere verwyt wat die kind eenmaal na die ouer kan slinger omdat die nie toegesien het dat hy voldoende voorberei en toegerus is vir die moeilike stryd van die lewe nie.3)

Die opoffering wat deur ouers gemaak is, waarvan die aksie op Steynsburg 'n sprekende voorbeeld is, word deur Kamp erken en geloof, want al het die staat in baie gevalle die sorg van die kinders op hom geneem, „zijn er toch ook talrijke voorbeelden van ouders, die liever zichzelf het noodige onthouden, dan hunne kinderen te kort doen in de opvoeding." 4)

Ook van kerksweë is die beginsel van die ouerlike verantwoordelikheid beklemtoon. Op die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1904 dien daar nie minder nie as ses voorstelle t.o.v. C.N.O., een waarvan kerkskole bepleit, maar ook byvoeg: „De Synode vertrouwt echter dat de ouders zullen beseffen, dat het in de eerste plaats hunne roeping is toe

/te........29

1) M. Postma, Ons Christelijk Nationale Onderwys, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p.31.
2) J. Kamp, De Stand van de Schoolkwestie, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1906, p. 27.
3) Ibid.
4) Ibid.

te zien, dat hunne kinderen een degelijk Christ. Nat. Onderwys genieten..." 1)

Welke deel van die taak van die opvoeding behoort dan aan die ouer ? Dit is in die eerste plek die plig van die ouer om vir sy kind, mits dit daar nie is nie, 'n behoorlike skool te stig. Postma wys daarop dat die gevolge van die oorlog bitter was, maar die noodlottigste gevolg was die skool „op geheel vrijwillig beginsel" wat die land daarna gekry het. En dan vervolg hy: „Wij als ouders, moeten zulke scholen zelven oprichten en bekostigen." 2) Ouers wat dieselfde godsdienstige oortuiging toegedaan is, moet self vir hulle kinders skole stig, 'n beginsel wat ook deur ds. Snyman, stigter van die skool op Steynsburg, onderskryf is as hy skryf: „De geestverwanten vinden elkaar en een gemeente wordt gesticht. De gemeenten vinden elkaar en leggen een kerkverband. De confessie of belydenis is de band. Daarna kennen ze elkaar als geestverwanten. En - dezen zullen elkaar ook weer vinden in de Vrye School." 3)

Hieruit vloei die volgende beginsel wat so oor en oor in die taal van destyds beklemtoon is, nl. „Die skool behoort aan die ouers." Aangesien die ouer nie in staat is om self skoolonderwys aan sy kind te gee nie, moet hy beheer hê oor die inrigting wat as plaasvervangende huis hom behulpsaam moet wees met die opvoeding van sy kind. Dit beteken dat die ouer beheer moet hê oor die skool, en sodoende die geleentheid gebied word om die gees, inhoud ens. van die onderwys te bepaal en om die onderwyser vir sy kind self te kies.

Die verpligting dat die ouer self verantwoordelik is vir die opvoeding van sy kind, en die reg moet hê om self

/die.....30

1) Handelinge van de Veertiende Algemene Synodale Kerkvergadering vergaderd te Middelburg, K.P., April 1904, p.62
2) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, 'n artikel in die Kerkalmanak, 1905, p. 31.
3) P.C. Snyman, De Vrye School, 'n artikel in Het Kerkblad van 1 Julie 1906.

die skool te stig, bring 'n derde beginsel wat Postma ook noem, nl. „dat de ouders zelven voor de onderwys hunner kinderen betalen." 1) Dit is op hierdie beginsel dat dr. Kuyper „zijn Vrye Universiteit in Nederland" opgerig het.[2] Deur bereid te wees om te betaal vir die opvoeding van sy kind, verdien die ouer die reg om beheer uit te oefen oor die skool sonder die inmenging van 'n onsimpatieke owerheid.

Dit is beskou as 'n Vrye Skool. 'n Skool wat aan die ouers behoort en waarin hulle kragtens hul **doopbelofte** hul ouerlike plig kan nakom; waar hulle betaal vir die onderwys van hul kinders en eers daarna die reg en voorreg ontvang om sonder staatsinmenging, toesig te hou oor die gees, medium en inhoud van die skool. Die ouers is dan ook vry om die opvoeding van hulle kinders toe te vertrou aan wie hulle verkies. Dit is 'n vrye skool - vry binne die ouerlike roeping. Watter verwronge opvatting het die owerheid tog nie van die taak van die ouer t.o.v. die opvoeding van sy kind gehad nie ? Om hierdie, van God gegewe roeping teenoor sy kind uit te lewe, moes die ouer betaal.

(c) <u>Die taak van die kerk</u>.

Skrywers uit die tyd onder behandeling is dit eens dat die kerk 'n taak t.o.v. die opvoeding van die jeug het. Kamp wys daarop dat die kerk nie die taak van die ouer moet oorneem nie, maar met die ouers moet saamwerk. Dit gee dan aan die kerk die reg om saam te praat oor onderwyssake. „Ook de Kerk heeft belang by goed lager onderwys en dat legt enerzijds de plicht op haar om in deze zaak met de ouders saam te werken, en geeft haar anderzijds het recht, er een woord in mee te spreken." 3) Kamp grond die plig van die kerk om die ouer behulpsaam te wees op die feit dat die kerk reeds by die bevestiging van die huwelik 'n ernstige gelofte

/van......31

1) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 31.
2) Ibid.
3) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 11. Dis 'n samevatting van 'n reeks artikels wat in Het Kerkblad verskyn het.

van die getroudes afvra aangaande die opvoeding van hul kinders. By die toedien van die Heilige Doop doen die kerk weer dieselfde. „In die feiten alleen reeds ligt voor de Kerk de eis opgesloten om toe te sien op, te waken voor en mee te werken tot de troue vervulling van die beloften." 1) Die welsyn en groei van die kerk hang natuurlik ook ten nouste saam met die opvoeding van die verbondsjeug, want hulle is die volwasse lidmate van die toekoms.

En wat is nou die taak van die kerk ? Kamp stel dit kort en bondig „dat de kerk evenzeer haar rechten en plichten ten opzichte van het godsdienstonderwijs op de scholen, en heel de godsdienstig aard van het onderwijs heeft."2) Die kerk moet dus nie alleen sorg dat die godsdiensonderwys in die skool tot sy reg kom nie, maar moet ook toesien dat die aard van die onderwys en die gees van die skool Gereformeerd-Christelik sal wees.

Ds. P.C. Snyman spreek van 'n skool „met die Bybel" teenoor 'n skool „zonder die Bybel" en van „'n onderwys wat met die godsdienstige geest doorzuurd is." 3) Die kerk moet sorg dat die Bybel sy regmatige plek in die skool kry, nog meer, die kerk moet die Bybel in die skool in dra, terwyl dit die taak van die owerheid is om die skooldeur vir die kerk oop te stel om die Bybel in te dra: „Wat van de Overheid alszodanig mag verwacht word, omdat zij op die gebied van die gemene gratie die soewereiniteit van God behoort te bely, is dat zij die **Woord** ongehinderd zijn loop laat, en als die Woord voor die schooldeur komt, moet hy die deur ope maak. Met die deur te sluit verwerp hy die soevereiniteit van God, en is zijn ondergang daar. Zijn taak is nie die Woord op te neem en in te draag. Zijn taak is die deur ope te hou. Die Woord op te neem en in te draag hoort aan die

/kerk,.....32

1) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 14.
2) Ibid.
3) P.C. Snyman, in 'n persoonlike brief aan ds. W. Postma, gedateer 19/4/07.

kerk, als instituut of als organisme. In elk geval, die kerk leer haar lede die Woord, en die lede draag dit in, nie als burgers, maar als lidmate." 1) Die taak van die kerk, met betrekking tot die godsdiens in die skool, staan dus ook op die grondslag van 'n vrye skool. Die ouer moet die vryheid hê om sy godsdienstige belydenis in die skool in te dra, sodat die kind ook daar as verbondskind in die suiwere leer van Gods Woord opgevoed sal word.

Omdat C.N.O. veronderstel het dat ouers moet betaal vir die onderwys van hul kinders, het pleitbesorgers nog 'n verdere taak aan die kerk opgedra, nl. die omsien na kinders wie se ouers nie in die vermoë was om vir hulle onderwys te betaal nie. Kamp wys daarop dat as behoeftige lidmate nie in staat is om in die liggaamlike behoeftes van hul kinders te voorsien nie, en as daar geen welgestelde familie is wat hulle kan help nie, moet sulke lidmate hulle na die diaken wend om hulp. „Maar, zou het dan niet evenzeer plicht der Kerk zijn, om hetzelfde te doen, als de ouders niet in staat zijn te voorzien in de geestelike nooddruft, de Christelike en maatschappelike opvoeding van hun kinderen ?" 2) Die voorsiening van onderwys aan sy behoeftige kinders het die kerk, soos bewys op Steynsburg, dan ook beskou as deel van sy barmhartigheidsdiens.

(d) <u>Die taak van die staat.</u>

Die C.N.O.-beleid van na 1900 het beslis nie van die gedagte uitgegaan dat die staat niks met die onderwys en opvoeding van die kinders te doen gehad het nie. Die hoë eise wat aan die onderwys gestel word, het dit toe reeds onmoontlik gemaak dat die ouers dit alleen kon byhou. Daarom erken Kamp dat, as die staat sy hand van die skool sou wegneem, dit 'n verlaging van die onderwyspeil sou beteken.

/„Onze......33

1) P.C. Snyman, in 'n persoonlike brief aan ds. W. Postma, gedateer 19/4/07.
2) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 15.

„Onze maatskappelike sameleving heeft zich zo uitgeset, dat er van de burgers, die kragtig willen meeleven en meewerken, steeds meer kundigheden verlangd worden. Afdaling en verzwakking van het onderwys zou daar een gevaarlik breuk in brengen. Daarom alleen reeds kunnen nu de Goevernementen zich niet helemaal terugtrekken van het terrein der scholen." 1) Hy gaan voort en beweer dat die landsregering belang het by die ontwikkeling van die kinders van die volk. Hulle moet straks as burgers in allerlei ampte, handwerk, bedrywe en besigheid optree. Dit moet hulle so doen dat die welvaart van die volk gelyke tred hou met die van ander volke. So hoog stel Kamp die waarde van die skool in die staatkundige bloei dat hy beweer: „In Europa kan men 't tegenwoordig gemakkelik genoeg waarneem, dat de volken, die de beste scholen hebben, ook in de voorste ry staan, niet alleen wat wetenschappen en kunsten, maar ook wat handel en nyverheid betreft." 2)

Wat is dan beskou as die taak van die staat ten opsigte van die onderwys ? Die algemene opvatting was dat die bemoeiing van die staat nie verder moes strek „dan het stuk van het maatschappelike onderwys, d.w.s. het onderwys in die maatschappelike kundigheden, die de kinderen nodig hebben om straks als bruikbare leden van de maatschappy, als nuttige burgers van de Staat te kunnen optreden." 3) Die staat moet dus net 'n sê hê in die deel van die onderwys wat direk betrekking het op die voorbereiding van landsburgers, want „dat verhoogt de welvaart van een volk." 4)

Die staat is egter nie alleen bekommerd daaroor dat daar nuttige en vaardige burgers opgelei sal word nie, maar die staatsmasjienerie het ook behoefte aan „burgers

/met.....34

1) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 15.
2) Ibid, p. 12.
3) Ibid, p. 13.
4) J. Kamp, De Stand van de Schoolkwestie, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk 1906, p. 28.

met heldere en geleerde koppen, die over allerlei handelsbelangen kunnen oordelen en tot een goede regeling van zaken kunnen bydragen." 1) Die staat moet dus toesien dat die toekomstige leiers op die verskillende gebiede die nodige skoolopleiding ontvang.

Waar die landsregering dan die reg het om eise aan die onderwys te stel, bring dit ook pligte mee, nl. „om ten behoeve van dát onderwys, de scholen van de ouders financieel te steunen." 2) Dit moet dus wees staatsondersteunde skole, onder die direkte beheer van die ouers. En in die toekenning van staatsubsidie aan die skole mag die owerheid nie vra na wie die stigter is nie, „zolang maar het maatschappelik onderwys op die scholen voldoet aan de eisen, door haar gesteld." 3)

Dit is wat ook op Steynsburg van die staat verwag is, vandaar die voortdurende pogings wat aangewend is om subsidie vir die C.N.O.-skool daar van die owerheid te bekom, totdat eindelik daarin geslaag is.

5. Wat is aan die begin van die twintigste eeu in Suid-Afrika verstaan onder Vrye Christelik-Nasionale Onderwys ?

(a) Vrye onderwys.

Die gedagte van 'n vrye skool kan beskou word as 'n reaksie teen die destyds bestaande staatskool wat geheel en al 'n werktuig was in die hande van 'n onsimpatieke owerheid wat die skool vir sy eie doeleindes gebruik het. Die Afrikaner-ouer moes magteloos aanskou hoedat die staatskool sy kind van sy eie volk en volksverlede vervreem het, omdat hy geen sê oor die beheer van die skool gehad het nie.

„De school, gelyk de kerk, moet geheel vry zyn," 4)

/het......35

1) J. Kamp, De Stand van de Schoolkwestie, in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1906, p. 28.
2) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 13.
3) Ibid.
4) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 31.

het ds. M. Postma, ook teenwoordig by die opening van die skool op Steynsburg, gesê. En onder 'n vrye skool het ons ouers in 1904 verstaan, 'n skool wat op generlei wyse gebonde is aan die eise en wense van die staat nie, maar waarin die ouers alleen seggingskap sal hê.

Dr. J. Woltjer beklemtoon ook die wese van die vrye skool. Die skool wil die taak van die ouer oorneem en wil dit graag volgens die eise van die ouer uitvoer. „Daaruit ten eerste dat zij geheel vry wil zijn, dat is, door geen anderen band gebonden, dan dien, welke uit dit haar karakter zijnen oorsprong heeft: zij is vrij omdat zij geheel en uitsluitend gebonden is aan het verlangen der ouders, die hunne kinderen aan haar toevertrouwen." 1)

Ds. P.C. Snyman verklaar ook dat hy onder die vrye skool verstaan „De School der Ouders." 2) Hy waarsku dat die vryheid van die vrye skool nie die vryheid is waarna die Franse Rewolusie geroep het nie. Dis nie die vryheid van rewolusie nie, maar die vryheid van reformasie. 3) Die vrye skool wil nie die bande van orde en gesag afwerp nie, maar wil dit juis versterk, want „met de Vrye School bepleiten wij geen willekeur op schoolgebied." 4)

Waar die ouers beheer uitoefen oor die skool, sal hulle vry wees om die gees van die skool te bepaal, en dit sal dan wees skole waarin „Gods Woord op den voorgrond zijn en onze kinderen in de zuivere Gereformeerde leer opgevoed worden, waarin wij, by den doop, beloofd hebben hen op te voeden." 5) Die ouers sou vry wees om die inhoud van die onderwys te bepaal. Hulle moet toesien dat Vaderlandse Geskiedenis tot sy reg kom in die skool. Die plek wat godsdiens in die skool sal inneem, sal afhang van die begeerte

/van......36

1) J. Woltjer, Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs ? p. 93.
2) P.C. Snyman, De Vrye School, in Het Kerkblad van 1/4/06.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 33.

van die ouers, want „voor de Bybel is die deur open. Wil die ouders daar gebruik van maak of nie?" 1) En as die ouers nie van Gods Woord in die skool gebruik wil maak nie, het nie die owerheid nie, maar die kerk 'n roeping teenoor hulle.

Die ouer het in die vrye skool ook die voorreg om die onderwyser vir sy kind te kies. Hy sal die onderwyser kies wat nie onverskillig staan teenoor die nasionale verlede en godsdienstige oortuiging van die ouer nie. Ouers, kinders en onderwysers moet geesverwante wees, „want 't spreekt vanzelf, dat in de scholen van de ouders alleen plaats zijn kan voor onderwyzers, die in de geest van die scholen gevormd en opgeleid zijn." 2) Pragtig vat ds. P.C. Snyman dit saam in 'n definisie van wat hy verstaan onder 'n vrye skool: „Dit alles vatten wij saam onder den naam van de Vrye School, omdat zij de ouders vrylaat in hetgeen hun een gewetenszaak behoort te zijn, namelijk, de keuze die ze doen voor hun kinderen tusschen school en school." 3)

(b) 'n Christelike skool.

Dis duidelik dat die ouers bekommerd geraak het oor die skool wat hulle moes help met die uitvoering van die doopbelofte. Hulle was begerig om erns te maak van die saak, „maar zien het elke dag duideliker, hoe de landsregering met haar school zich tussen God en de ouders heeft ingeschoven, zodat daar eigenlik, een middelmuur des afscheidsels bestaat tussen de christelike huisgesin en de school, die een deel der taak van deze huisgezinnen zal overnemen."4) Hierdie ongewenste toedrag van sake t.o.v. die godsdiensonderwys word ook bevestig deur ds. M. Postma as hy verklaar dat „in de scholen worden onze kinderen geleerd in een gods-

/dienst.....37

1) P.C. Snyman, in 'n persoonlike brief aan ds. W. Postma, gedateer 19/4/07.
2) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 26.
3) P.C. Snyman, De Vrye School, in Het Kerkblad van 1/10/06.
4) J. Kamp, a.w. p. 22.

dienst geheel tegen onzen Gereformeerden." En hy voorspel dat „de vruchten, die wij dan ook van deze Gouvernement Scholen zullen plukken, zullen bittere en wrange vruchten zijn."1

Wat het ons voorouers dan alles onder Christelike onderwys verstaan ? In die eerste plek moes die Bybel sy regmatige plek in die skool ontvang. Nie die Bybel soos die staat die onderrig daarvan vir sy burgers voorskryf nie, want die indra van die Bybel in die skool veronderstel sekerlik nie bloot die daaglikse voorlees van 'n gedeelte uit die Woord van God nie. Die lees van die Bybel elke oggend is tog geen waarborg „dat zoo 'n school toch geen erg onbybelsch karakter kan toonen." 2) Nee, dit behels veel meer. Dit moes as vak 'n plek op die leerplan van die skool kry. „Bijbels onderwys zal op die scholen vooraan staan in de rij der leervakken; bijbels onderwys, gegeven door onderwijzers, die weten hoe de bijbelstof met hun leerlingen te behandelen, en waartoe dat onderwijs strekken moet." 3) Dus, nie bloot 'n plek op die leerplan nie, maar die eerste en vernaamste plek en die Bybelonderwys moes gegee word deur 'n onderwyser wat dit sou doen, suiwer volgens die oortuiging van die ouers, soos die ouer dit self aan sy kind sou bring.

Dit is nodig dat ons hier sal wys op die aard van die Bybelonderwys wat die C.N.O.-skool Christelik gemaak het. In 'n lesing gehou voor die „Vereeniging van Christelijke Belangen te Pretoria" op 25 Junie 1908, behandel dr. J.D. du Toit hierdie aspek van die skool baie breedvoerig. Hy wys daarop dat in die staatskool „geen leer of dogma aan eenige godsdienstige gemeente of secte eigen" 4) toegelaat word. Dit maak godsdiensonderwys op skool waardeloos en onmoontlik. Daarom pleit hy vir dogmatiese godsdiensonderwys in die C.N.O.-skole, want „men kan de geschiedenis des Bybels niet vertellen zonder gedurig met het dogma

/in.......38

1) M. Postma, Ons Christelijk Nationale Onderwys, in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 32.
2) P.C. Snyman, De Vrye School, in Het Kerkblad, 1/11/07.
3) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 23.
4) J. D. du Toit, Christelijk Onderwijs met of zonder Dogma, p. 6.

in aanraking te komen. Dogma en geschiedenis zijn aan elkander verbonden als de wortel aan de plant." 1) Die Bybelgeskiedenis moet dogmaties onderwys word, want dis die grondslag waarop ons Christelike geloof rus. Die feite van die heilsgeskiedenis is die fondamente waarop die leerstukke van ons belydenis rus, „zoodat deze voor ons oog niet langer in de lucht hangen, maar als uit den grond der historie opgerezen, met het merk der hoogste werkelijkheid voorzien, zich vertoonen." 2)

Dis tog wel moontlik dat die onderwyser die Bybelgeskiedenis op so 'n wyse aan die kind kan meedeel dat dit die kind op 'n heel verkeerde spoor met betrekking tot die verbondslyn kan bring. Die onderwyser kan Jakob beskou as 'n swakkeling en bedriër en daarenteen Esou as die man met die groot siel en die groot lewe. Vir die een loop die lyn oor Abel, Noag, Abraham, Moses na Dawid tot op Christus en vir die ander „over de slang, Kaïn, Esou, Saul, Agab tot op Judas Iskariot." 3) Dit laat ons enigsins besef hoe belangrik die standpunt van die onderwyser en hoe noodsaaklik dogmatiese onderwys van die Bybel is. Daarom waarsku dr. Du Toit: „Liefs geen onderrich in de heilige geschiedenis, dan een onderricht dat voor het verbondskind gevaarlik zijn kan." 4)

Maar nog meer. Dis nie net dogmatiese Bybelonderrig, nie net die Christelike beginsels en die vrese van die Here wat die beginsel van alle wysheid is, wat 'n skool as Christelik laat kwalifiseer nie, dog alle onderrig wat gegee word moet deursuur wees met die Christelike gees. Die Christelike beginsels moet in alle skoolvakke tot openbaring kom en die Woord van God moet sy lig op alle kennis laat val. In hierdie verband sê Kamp: „Een Gereformeerde man

/zegt.....39

1) J.D. du Toit, Christelijk Onderwijs met of zonder Dogma, p. 10.
2) Ibid.
3) Ibid, p. 11.
4) Ibid, p. 12.

zegt niet, dat het onderwys in de geschiedenis onzes volk, in de leer der getallen of in de kennis der natuur niets te maken heeft met onzen godsdienst, met ons christelijk beginsel. Hy belijd veeleer, dat alle dingen Godes zijn, en hy wil dat zijn kinderen opgevoed worden in het besef van die waarheid, en dat al hun onderwys strekken zal, om hen dagelijks tot helderder inzicht van die groote waarheid te brengen." 1)

Hierdie beginsel in die opvoeding sien Kamp as die vervulling van wat in die eerste artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis staan, nl. dat die kind deur die onderwys geleer moet word om God te ken „deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit (die wêreld) voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid." 2)

'n Christelike skool was dus vir ons voorouers 'n skool waarin die gees, doel en metode van die onderwys 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing inadem. Waar dogmatiese Bybelonderwys, gegee deur 'n gelowige onderwyser die eerste plek op die skoolleerplan ontvang en waar die kind geleer sal word om die hand van God in alles, ook in sy eie bestaan, te sien. Maar die Gereformeerde ouer en die Gereformeerde Kerk het 'n besondere eis aan die Christelike skool gestel. Die skool moes gereformeerd wees. Ds. P.C. Snyman beklemtoon die feit dat C.N.O. nie 'n kwessie van saligheid is nie, maar van gereformeerd wees. As aan hom gevra sou word welke skool die kind gereformeerd leer dink, „dan is my antwoord beslist : Die Gereformeerde school is die alleen - gereformeerd - makende school. Die Gereformeerde Kerk het alleen recht om van díe schole mensche te

/verwacht...40

1) J. Kamp, De Stand van de Schoolkwestie, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1906, p. 29.
2) Ibid, en aangehaal uit die Nederlandse Geloofsbelydenis.

verwacht wat haar kan handhaaf. Daarom ijwer ik met al my krachte voor die Christelike school met gereformeerde strekking." 1) Ds. Snyman het baie beslis in die Gereformeerde Christelike skool die behoud en uitbouing van die Gereformeerde Kerk gesien. Die Christelike skool moes die kinders van Gereformeerde ouder voorberei en toerus met al die nodige om waardige lidmate van die kerk te word. „Die vraag is net, is die Gereformeerde school nodig of nie als 'n middel tot selfbehoud voor onze Kerk ? Zo nie, dan volg voor my die konsekwentie dat ik hier in Steynsburg onnodig werk doen en zal ik dit eerlik opgeef." 2)

(c) '<u>n Nasionale skool</u>.

Die skole van na die Engelse oorlog is opgerig met die doel om „ons volk van zijnen godsdienst, zijne taal en zijne nationaliteit te berooven." 3) Die skole wou die kinders vervreem van hulle volk deur hulle in onkunde te hou m.b.t. hul eie geskiedenis en deur die verwaarlosing van hul moedertaal. Die voorstanders van C.N.O. het uitgegaan van die veronderstelling dat die skool by die kind liefde vir sy eie volk, volksverlede, taal en kultuur moes inboesem. Maar, „zonder kennis kan er geen liefde zijn." 4) Die band waarmee die kind aan sy volk gebonde is, bestaan vir hom nie omdat hy nie daarvan bewus is nie. Postma vergelyk dit met die toestand van 'n kind wat baie jonk van sy ouers weggeneem is. Die bloedband bestaan wel tussen hom en sy ouers, maar hy is nie bewus van sy verlede nie. So kan 'n mens ook van geboorte aan 'n nasie behoort en tog geen liefde vir die nasie hê nie. „Iemand kan van geboorte een Afrikaander zijn, zelfs opgroeien geheel en al in een

/Afrikaansche...41

1) P.C. Snyman, in 'n persoonlike brief aan ds. W. Postma, gedateer 13/8/08.
2) Ibid.
3) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 32.
4) F. Postma, Vaderlandsche Geschiedenis, 'n artikel in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1906, p. 37.

Afrikaansche omgewing, maar als hy onkundig blyft van de eigen geschiedenis van zijn volk, zoo kan er in zijn hart geen liefde zijn voor het volk, waaruit hy is gesproten." 1) M.a.w., ons ouers het geglo dat kennis liefde baar, en as die kind nie die geskiedenis van sy volk ken nie, bly hy teenoor sy volk se verlede koud en onverskillig. Die kind moes veral die wordingsgeskiedenis van sy volk ken. „Onkunde is de doodsteek van een volk, te meer als die onkunde is een niet kennen van eigen wording. Een volk gaat daardoor ten onderen, lost zich op in een ander volk en is niet meer - door onkunde."2)

Nee, die skool moes ook nasionaal wees. Dis noodsaaklik dat in die skole „moet de geschiedenis onzer vaderen geleerd en onze kinderen moeten hun voorgeslacht lief krygen en den Heere leeren danken voor de groote daden aan onze edele voortrekkers en onze vaderen gedaan. Wij moeten leeren welke groote dingen God, door zulke groote mannen als onze ontslapen President P. Kruger, onze Kommandant-Generaal P. Joubert en andere groote mannen die nog leven, voor ons land en volk gedaan heeft." 3) Die kerngedagte van geskiedenisonderwys in die nasionale skool is dus voorgeslacht lief krygen" en „den Heere leeren danken." So bly in die C.N.-skool „onze nationaliteit bewaard en groeien wij op tot een selfstandig Afrikaansche volk." 4) Dan is die skool nie Christelik en Nasionaal nie, maar Christelik-Nasionaal, dit is nasionaal in Christelike sin. Wat van die eie geskiedenis waar is, geld ook vir die taal. Ook hier bring kennis liefde en gebruik van die taal, eerbied. In die Christelik-Nasionale skole moes die moedertaal tot sy reg kom beide as vak en as voertaal. Die kind moes sy moedertaal leer en gebruik om sy nasietrots aan te

/wakker....42

1) F. Postma, Vaderlandsche Geschiedenis, in die Kerkalmanak van die Geref. Kerk, 1906, p. 37.
2) Ibid.
3) M. Postma, Ons Christelijk Nationaal Onderwys, in die Almanak van die Geref. Kerk, 1905, p. 33.
4) Ibid.

wakker, terwyl die taal van die veroweraar hom van sy nasie vervreem.

(d) Samevatting.

'n Skool, opgerig, bestuur en onderhou deur die ouer om hom as plaasvervanger te help met die nakom van sy doopbelofte, is die skool wat die Afrikaner na 1902 begeer het. Dit moes wees 'n skool waarin ook die kerk sy taak kon uitvoer, nl. om te sorg vir die geestelike belange van die verbondskinders, maar dit moes ook wees 'n skool teenoor wie die staat nie geheel afsydig kan staan nie, omdat hy belang het by die maatskaplike vorming van sy burgers.

So 'n skool het ons ouers ook op Steynsburg in gedagte gehad. 'n Vrye skool wat nie gebonde is aan 'n onsimpatieke owerheid wat die skool vir sy eie politieke gewin wou gebruik nie, maar waarin die ouer vry is om die inhoud, gees en doel van die onderwys te bepaal; 'n vryheid wat nie losbandigheid beteken hèt nie, maar juis gebondenheid aan God en sy ordinansies. 'n Christelike skool waarin dogmatiese godsdiensonderwys die vernaamste leervak sou wees en waarin die kind sou leer om alles te sien as die ontplooiing van die raadsplan van God; 'n skool met nasionale onderwys, wat by die kind die nodige agting en liefde vir sy eie volksverlede, taal en kultuur sou inboesem.

Al hierdie ideale het die stigters van die skool op Steynsburg in 1905 probeer verwesenlik deur vir hul kinders te probeer voorsien „'n onderwys wat wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie." 1)

---

1) J.Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, p. 95.

.......oooOooo.......